

2. Dawid word koning

2 Samuel 2 - 12 en Kronieke 11: 19

God is genadig

Dawid se regering is voorspoedig. Tog oortree hy die wet van God. Sy ongehoorsaamheid hou vir hom slegte gevolge in. God straf hom, maar betoon ook genade. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Gelowiges sondig ook.
- Sonde het slegte gevolge.
- Die Here bewys genade as daar berou is by die sondaar.

Dawid - koning in Hebron

Na Saul se dood hoef Dawid nie meer in die land van die Filistyne te bly nie. Hy raadpleeg die Here deur middel van die Urim en Tummim en die Here beveel hom om na Hebron te gaan. Dawid is reeds deur die Here tot koning geroep. Daarom gee die inwoners van Juda aan hom die opdrag om hul koning te wees. Dawid aarsel nie om aan hierdie opdrag te voldoen nie. Vir sewe en 'n half jaar regeer hy slegs oor Juda.

Dawid - koning in Israel

Dawid word eers na baie stryd koning oor die ander stamme. Abner, die leërowerste van Saul, maak Isboset, die veertigjarige seun van Saul, koning oor Israel. Israel en Juda het dus twee afsonderlike konings wat tot baie onderlinge verdeeldheid en stryd aanleiding gee. In die derde jaar na Saul se dood begin Abner die burgeroorlog, want hy wil Juda ook onder die heerskappy van Isboset bring.

Later kom daar rusie tussen Abner en Isboset, en Abner sluit 'n verbond met Dawid. Joab, Dawid se leërowerste, vermoor egter vir Abner, omdat hy vroeër sy broer doodgemaak het. Dawid maak dit duidelik dat hy geen aandeel in hierdie moord het nie, deur 'n vloek oor die huis van Joab uit te spreek weens Joab se optrede. Dawid laat ook die volk toe om oor Abner se dood te rou.

Ná die dood van Abner is Isboset se magte nie meer in staat om weerstand teen Dawid se magte te bied nie. Twee van sy leërowerstes, Baëna en Regab, probeer om Dawid se guns te wen deur Isboset op sy bed te vermoor. Hulle bring sy kop wat hulle afgekap het, na Hebron en gee dit aan Dawid. Hy gee egter opdrag dat ook hulle dood gemaak moet word. Hulle lyke met afgekapte hande en voete laat hy ophang by die dam in Hebron.

Jerusalem word die nuwe hoofstad

Ná die dood van Isboset is net Mefiboset, die seun van Jonatan, oor wat nog aanspraak kan maak op die troon. As gevolg van sy kreupelheid is hy ongeskik daarvoor. Daarom besluit die volk nou eenparig om Dawid tot koning oor die hele Israel uit te roep. Die oudstes van al die stamme kom na Hebron waar Dawid 'n verbond met hulle sluit en koning van die hele Israel word.

Die eerste ding wat Dawid as koning van Israel doen, is om Jerusalem in te neem as hoofstad van sy hele koninkryk. Binne Jerusalem is daar 'n vesting, Jebus, wat nog aan die heidense Jebusiete behoort. Dawid belowe om die man wat eerste die vesting Jebus kan binnedring, as sy leërowerste aan te stel. Joab is eerste in die vesting, en Dawid en sy manne slaag daarin om die Jebusiete te verdryf. Daarna bou Dawid hier vir hom 'n paleis en gaan woon in die vesting van Jebus.

Die Filistyne trek op om teen Dawid te veg toe hulle verneem dat hy Jerusalem ingeneem het. Die Here help Dawid om hulle in twee groot veldslae te verslaan. Daardeur verbreek Dawid die mag van hierdie ou vyand van Israel.

Dawid bring die ark na Jerusalem

Ná die vestiging van sy koninkryk gee Dawid veral aandag aan die volk se godsdienst. Die Israëliete se godsdienst het geweldig agteruitgegaan, ook as gevolg daarvan dat die verbondsark nie meer in die heiligdom van die Here staan nie. Dawid besluit om die ark te laat haal van Kirjat-Jearim, waar dit nog altyd in die huis van Abinadab staan.

Onder leiding van Abinadab se seuns Agjo en Ussa word die ark op 'n nuwe wa vervoer. Toe een van die osse struikel, steek Ussa sy hand uit om te keer dat die ark val, maar Ussa slaan dood op die grond neer. God het dit duidelik gestel dat enige persoon wat aan iets heiligs van die ark raak, sekerlik sal

sterf.⁶ Hierdie geskiedenis leer dat gelowiges eerbied moet hê vir die heilige dinge van die Here. Dawid skrik so groot dat hy die ark net daar in die huis van Obed-Edom, 'n Gittiet, laat bly. Die Here seën Obed-Edom en alles wat aan hom behoort ter wille van die ark. Dawid hoor hoe die Here Obed-Edom seën en laat die ark na Jerusalem bring, waar dit in 'n tent geplaas word.

Toe die ark Jerusalem binnekom, huppel koning Dawid self kaalvoet saam met die volk rondom die ark. Maar sy vrou Migal, die dogter van Saul, verag Dawid toe sy hom deur haar venster sien. Skimpend verwyt sy Dawid oor sy onwaardige optrede. Dawid antwoord haar dat hy hom in die Here verheug. Die Here straf Migal hieroor sodat sy kinderloos bly tot haar dood.

Dawid mag nie die tempel bou nie.

Nadat Dawid vir homself 'n paleis gebou het, wil hy vir die Here ook 'n tempel in Jerusalem bou, want die ark staan nog steeds in 'n tent. Die Here stuur die profeet Natan na Dawid om aan hom te sê dat hy nie vir die Here 'n tempel mag bou nie, want hy het te veel oorloë gevoer. Dan belowe die Here aan hom dat daar vir altyd iemand uit sy nageslag op die troon sal sit. Hier ontvang Dawid ook die belofte dat die Messias, die Verlosser, uit sy nageslag sal voortkom.⁷ Verder sê die Here dat Dawid se seun, wat ná hom sal regeer, vir die Here 'n tempel sal bou.

Dawid se verdere oorloë

Nadat hy die Filistyne heeltmaal verslaan het, verslaan Dawid ook die Moabiete, sodat slegs 'n derde van hulle bly lewe. In die noord-ooste verslaan hy die magtige koning van Soba. Ook die Siriërs of Arameërs van Damaskus, wat die koning van Soba kom help het, verslaan hy sodat Damaskus in sy hande val. Die Edomiete wat Juda inval, is deur Abisai, Dawid se leëraanvoerder, ook verslaan.

Met die dood van Nahas, die pa van Hanun, die koning van die Ammoniete, stuur Dawid 'n afvaardiging na hom om simpatie met die afsterwe van sy pa te betoon. Hanun beledig egter sy dienaars, waarop Dawid sy leër laat

6 Num. 4: 15 En eers nadat Aäron en sy seuns, by die opbreek van die laer, klaar is met die toemaak van die heiligdom en van al die gereedskap van die heiligdom, moet die seuns van Kehat kom om te dra; maar hulle mag nie aan die heilige dinge raak nie, sodat hulle nie sterwe nie. Hierdie dinge is dit wat die seuns van Kehat moet dra van die tent van samekoms.

7 Matt. 1: 1 Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham:

optrek na Rabba om hulle aan te val. Die Siriërs kom die Ammoniete te hulp. Joab deel sy leër in twee. Die een deel veg onder Abisai teen die Ammoniete en die ander deel onder Joab self teen die Siriërs. Die Siriërs word verslaan en die Ammoniete vlug terug na hulle vesting in Rabba. Toe die Siriërs weer optrek om oorlog te maak, trek Dawid self oor die Jordaan en verslaan hulle in 'n bloedige oorlog. Meer as 40 000 van die vyandelike ruiters sneuwel in die geveg.

So moet al die volke wat rondom Israel woon, uiteindelik aan Dawid belasting betaal. Tydens die regering van Dawid en Salomo bereik Israel sy hoogtepunt van mag. Dawid se koningskap waartydens hy al die vyande van Israel verslaan het, is die skadubeeld van die koningskap van Christus, waarin Hy alle mag in die hemel en op die aarde verwerf het.⁸

Dawid en Mefiboset

Dawid het aan Jonatan beloof dat hy goed sal doen aan sy nakomelinge. Hy hoor nou dat daar nog 'n seun van Jonatan leef en dat hy aan sy voete verlam is. Dawid laat hom haal en gee hom al die vroeëre landerye van Saul en ook die voorreg om van die koning se tafel te eet. Hieroor is Mefiboset baie dankbaar. "Wat is u dienaar," sê hy, "dat u na 'n dooie hond soos ek is, omsien?"

Dawid regeer sy volk goed

Dawid is 'n goeie en geliefde koning wat ook vir sy volk alles goed reël. Hy stel mense aan om hom te help met die regering van die land. Sy leërowerste is Joab, en die hoof van sy lyfwag is Benaja, die seun van Jojada. Die persoon wat ons sy eerste minister kan noem, is Josafat, en Dawid se eie seuns tree as sy raadgewers op. Die hoëpriesters in sy tyd is Sadok en Abjatar.

Dawid se sonde

Uit Dawid se lewensverhaal is dit duidelik dat hy, hoewel 'n man na God se hart is, tog ook 'n sondaar was. Dawid se sonde staan as 'n waarskuwende voorbeeld vir ons opgeteken.

⁸ Matt. 28: 18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.

Toe Joab in Rabba met sy leër teen die Ammoniete veg, bly Dawid tuis. Een aand, terwyl hy op die plat dak van sy paleis rondstap, sien hy 'n vrou wat besig is om in haar huis se binneplaas te bad. Dawid begeer om hierdie vrou te besit en hy laat haar roep. Sy is Batseba, die vrou van Uria die Hetiet, een van sy dapper offisiere in Joab se leër. Die feit dat sy die vrou van Uria is, laat sy hartstog vir haar nie tot bedaring bring nie. Hy pleeg owerspel met haar en sy word swanger. Sy laat Dawid weet dat hulle die gevolge van die sonde moet besef, want die wet bepaal dat altwee van hulle gestenig moet word.⁹

Dawid toon nie dadelik berou oor sy sonde nie. Gevolglik pleeg hy nog meer onreg en kom daar groter ellende oor hom. Hy laat Uria, die man van Batseba uit die leër terugroep, met die voorwendsel dat hy verslag van die oorlog moet doen. Dawid wil nou dat Uria na sy huis moet gaan, sodat die gevolge van sy sonde bedek kan word. Maar Uria weier en gaan slaap by die ingang van die paleis. Die volgende dag nooi Dawid hom om aan sy tafel te eet en maak hom dronk, in die hoop dat hy dan na sy huis sal gaan om by sy vrou te slaap. Maar Uria slaap die nag ook by die dienaars van die koning.

Die Here wil dat die misdaad van Dawid openbaar sal word.

Nou besluit Dawid om Uria om die lewe te bring. Dan kan hy dadelik met Batseba trou, en so die geheim van sy sonde bedek. Uria word met 'n brief van Dawid na Joab teruggestuur. In dié brief versoek Dawid vir Joab om Uria vooraan in die oorlog te plaas sodat hy deur die vyand doodgemaak kan word.

Joab voldoen aan die versoek van Dawid en Uria sneuwel in die geveg. So word Dawid ook moordenaar. Na Batseba sewe dae lank oor Uria gerou het, neem Dawid haar as sy vrou. Dawid dink hy het die probleem opgelos, maar hierdie saak is verkeerd in die oë van die Here.

Die straf oor Dawid se sonde

Vir Dawid en Batseba is 'n seuntjie gebore. 'n Paar maande later kom Natan, die profeet, by Dawid. Natan vertel aan hom die geskiedenis van 'n arm man wat net een oilam het, terwyl sy buurman baie skape besit. Toe die ryk man besoekers kry, laat haal hy die oilam van die arm man en slag dit vir sy gaste.

⁹ Lev. 20: 10 En as iemand owerspel doen met 'n man se vrou, owerspel doen met sy naaste se vrou, moet hy en sy wat owerspel doen, sekerlik gedood word.

Toe Dawid dit hoor, is hy baie kwaad en sê vir Natan dat die onregverdige ryk man moet sterf. Op hierdie woorde van Dawid antwoord Natan: “U is die man!”

Natan laat Dawid so sy eie doods vonnis uitspreek. Hy wys Dawid op al die seëninge wat die Here hom geskenk het en hoe skerp sy misdaad daarteen afsteek. Hy het baie vroue en tog ontnem hy Uriah sy enigste vrou en laat hom doodmaak. Dawid het dubbele sonde begaan, egbrek en moord. Hy sal deur die Here ook dubbel gestraf word.

Die straf vir die moord is dat die swaard nooit meer uit sy huis sal weggaan nie. Die vervulling hiervan sien ons in die feit dat Absalom sy eie broer Amnon vermoor. Later kom hy in opstand teen Dawid en word self vermoor. Ook in die lewe van Salomo leef hierdie straf voort as Adonia deur Salomo ter reggestel word.

Die Here se straf vir Dawid se egbrek is eerstens te sien in die sterwe van die kind wat hy by Batseba verwek het. Toe Natan van Dawid se huis vertrek, laat die Here die kind siek word. Later sal Dawid ook verneder word as sy byvroue deur sy eie seun Absalom, voor die oë van die hele Israel misbruik word.¹⁰

Dawid se berou

As Dawid 'n ongelowige was, sou hy seker vir Natan doodgemaak het, omdat hy dit durf waag om die koning te bestraf oor sy sonde. Dawid vrees egter die Here en bely sy skuld: “Ek het gesondig teen die Here”. Natan sê aan hom dat die Here sy sonde vergewe, maar dat die kindjie wat vir hom en Batseba gebore is, sal sterf. Toe die kind ernstig siek word, vas en bid Dawid en pleit by die Here dat Hy die kindjie moet spaar, maar die kindjie sterf tog. In hierdie tyd dig hy Psalm 51. Die mooi psalm waarin hy sy sonde bely en die Here smeek om sy sonde te vergewe.

In hierdie geskiedenis sien ons hoe God die sonde straf, maar ook genade betoon vir die sondaar wat opregte berou toon. Later word Salomo gebore uit die huwelik van Dawid en Batseba. Salomo beteken vredevoers. Die Here noem hom Jedidja wat “beminde van die Here” beteken.

¹⁰ 2 Sam. 16: 22 en 23 Hulle het toe vir Absalom 'n tent op die dak opgeslaan, en Absalom het voor die oë van die hele Israel by die byvroue van sy vader ingegaan. En die raad wat Agitofel in dié dae gegee het, was asof 'n mens die woord van God geraadpleeg het. So was elke raad van Agitofel vir Dawid sowel as vir Absalom.

Aanbevole leesstukke:

BOOYENS, M.J. 2007. Laat my lammers wei. Gereformeerde Kerk Pretoria: Orkney. 67 - 70 p.

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 419 - 437 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 268 - 279 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 289 - 306 p.